Kleinvee: Feite en Geite.

November Nuusbrief – Joubert de Wit

1. Kleinvee is “kort dag” telers: ooie kom die beste op hitte soos dae korter raak.(Jan - Jun.)
2. Ooie kom elke 17 dae op hitte: in trop van 100 ooie sal tussen 5 – 7 ooie daagliks op hitte kom.
3. Ooi is vir ongeveer 36 uur op hitte: verskeie ramme kan /sal die ooi dek.
4. Dit is slegs gedurende die 36 uur elke 17 dae wat n ooi bevrug kan word.
5. Ooie skei meestal 1, maar soms 2 eiselle af wat bevrug kan word. (Boerbokke skei tot 4 eiselle af.)
6. Ooilammers word gebore met al die eiselle wat sy in haar lewe gaan afskei.
7. Bevrugte eisel heg eers teen dag 11 na bevrugting aan baarmoederwand.
8. Ooie is gemiddeld 150 dae dragtig. (Varieer tussen 148 – 152 dae)
9. Ooie kan nie binne 45 dae na sy gelam het weer ram vat nie, baarmoeder moet eers herstel.
10. Goeie voeding tydens die laaste 4 weke voor lam verbeter biesmelk kwaliteit en melkproduksie.
11. Die voer van mielies tydens laat dragtigheid maak biesmelk taai en minder vloeibaar.
12. Lammers wat binne 3 ure na geboorte biesmelk drink het die beste kans op oorlewing.
13. Hoe gouer n lam begin suip, hoe beter die band tussen ooi en lam.
14. Melkproduksie piek op ongeveer 3 weke na lam waarna dit geleidelik afneem.
15. Ooie is 3 maande na lam opgedroog.
16. Lammers begin vanaf 2 weke ouderdom ruvoer “vreet” wat ontwikkeling van rumen stimuleer.
17. Pasgebore “geel lammers” dui op moeilike geboorte a.g.v wanvoeding tydens mid-dragtigheid.
18. Goeie voeding tydens die eerste 2 maande van lam se lewe het groot positiewe invloed op haar toekomstige vrugbaarheid – selekteer vervangingsooitjies wat vroeg in die groen seisoen gebore is.
19. Jong ooie wat die eerste keer gepaar word moet 80% van volwasse ooimassa weeg.
20. Ooie se vrugbaarheid en melkproduksie daal drasties vanaf sewe jarige ouderdom.
21. Ramlammers wat goed groei kan reeds vanaf 100 dae ouderdom ooie suksesvol dek.
22. Saadproduksie is n deurlopende proses,maar semen is eers na 2 maande ryp en reg vir bevrugting.
23. Voeding het groot invloed op testisomtrek en groot teelballe is direk gekorreleer met beter saadproduksie.
24. Onder normale omstandighede wei herkouers ongeveer 8 ure, herkou 8 ure en rus 8 ure per dag.

VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351

Condition Score **1**	Brandmaer: Geen vet neerlegging en min bespiering op die werwels en ribbes. Die spasies tussen die ribbe bene kan gevoel word.
 Condition Score **2**	Maer: Min bespiering op die werwels, maar geen vet neerlegging nie.
 Condition Score **3**	Goeie kondisie: Daar is bespiering en vet neerlegging op die werwels en ribbe bene. Die weefsel begin al rondings om die bene vorm.
Condition Score **4**	Vet: Ronde bespiering en vet neerlegging oor die bene. Bene kan nog gevoel word.
Condition Score **5**	Oorvet: Rug werwel en ribbe bene kan nie meer gevoel word nie.





VEEKOS (Pty) Ltd
Reg-no: 2000/013097/07
Tin street 15, Laboria, Upington
PO Box 55, Upington, South Africa
Tel (+27) 054 331 1351